# El Roi : Hoekom huil jy? SIEN GOD !

**Geskryf deur Marinda de Jager – marinda@lightwriter.co.za**

Hoekom huil jy?

Wat is dit met jou?

Hagar se twee ontmoetings met God (Gen.16 en Gen.21) is terselfdetyd eenders en anders.

| **Genesis 16** | **Genesis 21** |
|---|---|
| Abram: 86 met Ismael(Hagar se seun) se geboorte. | 100 met Isak(Sara se seun)se geboorte. |
| Hagar se gesindheid teenoor Sarai verander toe sy swanger raak met Abram se enigste erfgenaam– sy verag Sarai.<br><br>Sarai het Hagar sleg behandel. | Hagar se seun spot met Isak.<br>Ismael is nou nie meer die enigste erfgenaam nie – ook nie Isak nie…<br><br>Sara beskou Ismael as bedreiging.<br>Abraham moet die slavin en haar seun wegjaag. |
| Hagar vlug.<br><br>Oppad na die woestyn Sur; stop by 'n fontein. | Hagar word met haar kind, 'n brood en 'n sak water weggestuur.<br>Dwaal rond in die woestyn Bersèba.<br>Sy is rigtingloos en hopeloos. |
| Die Engel van die HERE verskyn aan Hagar by 'n fontein. | Die Engel van God roep na Hagar waar sy in die woestyn sit en huil. |
| Hy vra : "Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan, en waar gaan jy heen?" | Hy vra: "Wat is dit met jou, Hagar?" |
| Hy sê vir haar om haarself te verneder en terug te gaan na Sarai. | Hy sê: 'Staan op, tel die seun op en hou hom vas met jou hand…' |
| Hy sê vir haar om haar ongebore seun, Ismael te noem – dit beteken 'God hoor'. | Hy sê Hy het die stem van die seun gehoor. |
| Hy seën haar- belowe 'n groot nageslag. | God seën Ismael- "Maak hom 'n groot nasie." |

***Gen.21:17 'Toe hoor God die stem van die seun, en die Engel van God het na Hagar geroep uit die hemel en haar gevra: Wat is dit met jou, Hagar? Wees nie bevrees nie, want God het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is.'***

Die woorde van die Engel van die HERE by die twee geleenthede het my opgeval.

**Eerste keer**: 'Waar kom jy vandaan en waar gaan jy heen?'

Hagar moes GOD SIEN- Hy openbaar Homself aan haar as El Roi,

die God wat sien…

en SY HET HOM GESIEN as die God wat haar sien en hoor en seën.

**Tweede keer**: 'Wat is dit met jou, Hagar?'

Dis asof hierdie gehuil van haar nie sin maak nie.

"Hagar, jy weet dan Hy is El Roi… jy het HOM gesien as die Een wat sien,

jy het Sy NAAM genoem… die een wat sien – hoekom huil jy?"

Hy sê ook: "Ek het die stem van die seun gehoor"…nie Hagar se gehuil nie.

Dink vandag terug aan die waterput-oomblikke op jou lewenspad – daar waar God Homself aan jou openbaar het. Dit wat reeds van God aan jou geopenbaar is, kan nie weer 'geopenbaar' word nie. '**OPENBAAR**' beteken dis oopgemaak en gesien.

God gaan heel moontlik nie hierdie keer op dieselfde manier vir jou opdaag nie.

Glo vandag wie GOD IS – wie Hy vir jou gewys het HY IS.

Glo dat God SIEN en begin na jou omstandighede kyk asof die antwoord op jou gebede lankal daar vir jou lê om raakgesien te word.

Skryf LIG!